


SEMINARIUM HANDLEIDING

NG KERK VRYSTAAT | 2024



KERKLIKE VORMING |  NG Kerk
Vrystaat



Martin Luther kap sy 95 stellings teen die kerkdeur in Wittenberg vas (Foto: Wikipedia)

VOORBLAD

Vanjaar vier ons die **500 jaar** van die eerste gesangeboek!

In 2017 het die Protestantisme die 500-jarige herdenking van die Reformasie gevier. Met die Reformasie is die grondwerk gedoen vir die grootskaalse hervorming binne die kerk. Om die kerklied terug te plaas in die monde van die lidmate, was een daarvan. Die 500-jarige bestaan van die Protestantse gesangeboek word in 2024 gedenk en gevier.

Hierdie is dus 'n groot en belangrike jaar vir Protestante (of evangeliese Christene) soos wat hulle aanvanklik na hulself verwys het. Die eerste stap in die ontstaansgeschiedenis van die Protestantse gesangeboek word gevind in 'n brief wat Martin Luther teen die einde van 1523 aan George Spalatin gestuur het. Sy versoek aan Spalatin was dat hy (self 'n begaafde skrywer) sou saamwerk aan die skryf van gesange en die omdigting van Psalms.

Luther wou 'n Psalmboek publiseer. Die eerste produk was die *Agt-liedere-druk*, 'n oornag versameling wat eintlik nie as 'n boek gereken word nie, aangesien dit slegs 'n saamgroepering van die enkel-blad drukke was. Verdere gesangeboeke het spoedig die lig gesien.

Dié liedere is Skrifgetrou en dien die saak van die Reformasie. Meeste van die boeke was tussen 16 en 96 bladsye lank, en daarmee het die Protestantse gesangeboek-kultuur begin. Die eerste lied van 'n vrou, Elisabet Crugicer is ook in 1524 in die bundel *Geystliche gesank Buchleyn* (Die Geestelike Gesangeboekie) opgeneem, 'n ongekende stap vir daardie tyd.

Luther het die toon aangegee vir die rigting wat van die toekomstige gesangeboeke verwag sou word. Almal moes weet dat dit goed en aanneemlik vir God is en tot stigting van gemeente (1 Korintiërs 14:15-26; Kolossense 3:6) moes wees. Skrifgetroue gesange is ook evangelieverkondiging, en kan daarom nie gering geskat word nie. Laastens kon alle musiekinstrumente gebruik word ter begeleiding.

Gesangeboeke was onmiddellik populêr, wat 'n aanduiding is van die skat wat dit ontsluit. In Suid-Afrika alleen, is sedert die sewentiende eeu miljoene der miljoene eksemplare verkoop - in die Afrikaanse kerke, maar ook in die Engelssprekende Protestantse Kerk!

Ons sing graag saam. Al kan ons nie as 'n singende volk beskryf word nie, is kerksang, koorsang en solosang van geestelike liedere 'n belangrike element van ons volkslewe. Daarom behoort 2024 by uitstek 'n jaar van die kerklied te wees. Kom ons doen moeite wanneer ons liturgieë saamstel; kom ons wees nuuskierig om meer te leer en te herontdek, maar ook nuutskeppings te beproef. Maar kom ons gebruik die geskenk wat die Reformasie vir ons teruggegee het.

INHOUDSOPGawe




Voorwoord

Ontmoet die span

02

63



DIE SEMINARIUM VAN DIE NG KERK VRYSTAAT 2024 | AFDELING A

1 Inleiding	03
2 Kuratorium	03 – 04
3 Opleiding met twee bene	04
3.1 Akademiese Opleiding deur die Fakulteit Teologie en Religie	04
3.2 Kerklike Opleiding deur die Teologiese Seminarium	05
3.2.1 Seminarium: Programme	05 – 06
3.2.2 Die vier bane in die Kerklike Opleiding	06
4 Lokale	06
5 Kampe, retreats en uitreike	07
6 Ander kontakgeleenthede	07
7 Mentorskap	07
8 Administratiewe sake en finansies	07
9 Personeel van die Seminarium	07
10 Ten slotte	08



DIE SEMINARIUM VAN DIE NG KERK VRYSTAAT 2024 | AFDELING B

1 Programme in die Teologiese Seminarium 2024	09
2 Aanbieders Seminarium - Dissipelskapjare	10
3 Aanbieders Kampe	10
4 Kerklike Opleiding Jaargroepe 1 - 4	11 – 14



GEDETAILLEERDE OMSKRYWING VAN ALLE PROGRAMME | 2024

1 BDiv I Eerstejaar	16 – 20
2 BDiv II Tweedejaar	21 – 25
3 BDiv III Derdejaar	26 – 32
4 BDiv IV Vierdejaar	33 – 39
5 Voorgeskrewe Afrikaanse boeke volgens jaargroep	40
6 Aanbieders Seminarium - Apostolaatsjare	41
7 Apostolaatsjare MTh I - Eerstejaar	42 – 51
8 Apostolaatsjare MTh II - Tweedejaar (gemeentejaar)	52 – 54
9 Aanbieders Diverse Bane en PGDip	55
10 Gemeentejaar Roepingretreat: Renovaré	56 – 61



VOORWOORD

Beste Student

Baie welkom by die Seminarium!

Meeste van julle keer terug om julle studies voort te sit en ander begin nuut. Ons verwelkom julle almal, maar in besonder die nuwelinge by ons en spreek die vertroue uit dat julle vanuit die staanspoor tuis sal voel in die familie van NG Kerk-studente by ons Seminarium-familie!

Vanaf die kant van die Teologiese Seminarium, wil ons elke student begelei en help ontwikkel in alle fasette van menswees. Die opdrag van die Kuratorium is dat ons studente sal vorm, sodat hulle uiteindelik geskik sal wees vir die veeleisende, maar tegelyk ook heerlike en vervullende bediening.

Jy gaan vanjaar weer deur verskillende programme aan meer as net die formele akademiese komponent blootgestel word. As teologiese studente (en later as predikante) leef ons in 'n dinamiese en vinnigveranderende samelewning. 'n Sterk akademiese onderbou is noodsaaklik vir jou bediening as predikant. Dit is egter ook nodig dat jou menswees in totaliteit gevorm sal word. As geestelike leier op die kampus, in die gemeente waar jy inskakel en later die voltydse bediening, word van jou vereis dat jy 'n deurleefde teoloog en geestelik- en emosioneelvolwasse individu sal wees. As student en later predikant van die NG Kerk is dit verder nodig dat jy jou vakgebied, die Teologie, sal ken. Jy behoort deeglik onderlê te wees in die belydenisse van die Kerk. Jy moet ook met gemak jou weg deur die Bybel kan vind. Nie net moet jy die NG Kerk se geskiedenis ken nie, maar ook dié van ander kerke en tradisies. Jy moet verder belese wees, in staat om abstrak te kan dink, toegerus met verskillende bekwaamhede. Kortom: Jy moet jou gereedskap ken en vaardig kan gebruik.

In al hierdie fasette van ontwikkeling (en meer) speel die programme van die Seminarium 'n baie groot rol. So sal jy by legitimasie toegerus in die diens van die Hoof van die Kerk jou roeping verantwoordelik kan uitleef.

Die roete vir opleiding het effens verander. Verder in die handleiding word die verskillende opleidingsmoontlikhede deeglik uiteengesit, en met daardie kennis tot jou beskikking, sal jy jou weg vind.

By die Seminarium wil ons graag 'n tuiste vir al ons teologiese studente skep. Neem daarom asseblief altyd vrymoedigheid om enige tyd 'n afspraak te maak om te kom gesels.

Op die volgende bladsye verduidelik ons in meer besonderhede hoe die Seminarium in opdrag van die Kuratorium funksioneer. Ons glo dat hierdie handleiding jou sal help om jou opnuut te oriënteer wat die kerklike vorming van jou opleiding aanbetrif.

Hartlik welkom en baie seën vir die jaar!

Dr Johan Nel
Seminariumbestuurder

DIE SEMINARIUM VAN DIE NG KERK VRYSTAAT | 2024

AFDELING A

1. Inleiding

Om na mense se roepingsverhale te luister, is baie interessant. Jy het jou eie verhaal; die Here het met jou 'n unieke pad geloop. Hoe en waar jy ook al jou roeping ontvang het - dit is belangrik dat jy verder gevorm sal word om jou deeglik vir hierdie unieke roeping voor te berei.

Vir hierdie kerk waarin ons glo ons geroep is, is ons ontsaglik lief. Ons leef egter in uitdagende tye, die stormwinde van buite, maar veral ook van binne die kerk, is deel van ons realiteit. In aansluiting tot die fokus van vanjaar, die viering van die 500 jaar van die eerste Reformatoriese gesangboek, put ons uit die lied wat reeds in 1757 deur Christian Gellert geskryf is, waarvoor Martin Luther die musiek gekomponeer het. Miskien was hulle selfs meer bewus van die turbulensie rondom hulle en die eise wat aan die kerk gestel word, en kan ons goed resoneer met dié lied se woorde:



Lied 477:1 (LvdK)

Wenn Christus seine Kirche schützt (Christian Gellert 1757)

Hou Christus self sy kerk in stand – vergeefs die hel se woede,
as regter aan Gods regterhand regeer Hy ons ten goede.
Hy is in alle leed steeds tot ons hulp gereed.
Bewaak die Christendom, en waar die vyand kom,
stuit Hy die bose woede.

Die Reglement vir Teologiese Opleiding verwys spesifiek na die opleiding van predikante. Die dienswerk (amp) waarin jy uiteindelik as predikant gaan staan is 'n heerlike, maar veeleisende roeping. Daar word van 'n predikant spesifieke vaardighede gevra. Die dienswerk van 'n predikant sluit onder ander die bediening van die Woord, sakramente, voorbidding vir alle mense en die geestelike opbou en toerusting van die gemeente vir hulle dienswerk in God se wêreld, in.

Die NG Kerk bestaan uit tien verskillende Sinodes. Verder is daar verskillende goedgekeurde opleidingsinstansies vir teologiese opleiding van predikante, waarvan die Universiteit van die Vrystaat (UV) en die Seminarium van die NG Kerk Vrystaat een is. Elke opleidingsinstansie het 'n eie kuratorium, wat onder die sambreel van die Algemene Kuratorium funksioneer. Die verskillende kuratoria sien toe dat die opleiding by al die universiteite op dieselfde vlak en standaard plaasvind.

2. Kuratorium

In die NG kerk in die Vrystaat is 'n aantal persone aangewys om van die Kerk se kant die Teologiese Opleiding te bestuur. Hierdie liggaam staan bekend as die Kuratorium vir Teologiese Opleiding. Die Kuratorium bestaan uit 'n aantal predikante uit die Vrystaat-streek en ook een verteenwoordiger uit elke ander Sinode in ons land. Die Kuratorium beskerm, bewaar en versorg op 'n besondere verantwoordelike en liefdevolle wyse die studente in die Teologie. Verder hou die Kuratorium toesig oor die opleiding van predikante.

Die liggaam wat verantwoordelik is vir al die verskillende fasette van die Teologiese Opleiding, onder wie se opsig die Seminarium ook funksioneer, is die Kuratorium vir Teologiese Opleiding.

Neem asseblief kennis van die volgende inligting van die lede van die Kuratorium:

Kuratorium vir Teologiese Opleiding in die Vrystaat

Voorsitter	Ds Jan Lubbe	082 784 9362	janlubbe1964@gmail.com
Skriba	Ds Gideon Lamprecht	082 417 0507	gideon.lamprecht777@gmail.com
Voorsitter: Studentesake	Ds Johan David	083 447 2603	lewemetrede@gmail.com
Voorsitter: Akademiese en Kerklike Evaluasie	Dr Deon Serfontein	083 288 7555	deonserfontein@gmail.com
Voorsitter: Diverse Bane van Opleiding	Ds Peet Louw	084 522 0079	pjlouw@2mail.co.za
Seminariumbestuurder	Dr Johan Nel	083 400 0267	seminarium@ngkvs.co.za

Sedert 2017 funksioneer die Teologiese Seminarium wat vir die NG Kerkfamilie opgerig is. Hierdie Seminarium werk in opdrag van die Kuratorium en is primêr by die vorming van studente in die Teologie betrokke.

3. Opleiding met twee bene

Die Teologiese Opleiding staan op twee bene: Die **akademiese opleiding** wat by die **Fakulteit Teologie en Religie** aan die Universiteit van die Vrystaat aangebied word. Daar is egter ook 'n behoefte aan opleiding wat spesifiek fokus op studente wat hulle wil voorberei vir bediening in die **NG Kerkfamilie**. Ons verwys hierna as die **kerklike baan**.

Ons kyk nou kortlik na hierdie twee bene van opleiding.

3.1 Akademiese Opleiding deur die Fakulteit Teologie en Religie

Die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van die Vrystaat behartig die formele, akademiese vorming van teologiese studente. Die Fakulteit funksioneer in 'n dinamiese, veelfasettige en ekumeniese universiteitsomgewing. Dit beskik oor dosente van uitnemendheid, wat akademies uitstaande werk lewer. Dit is vir die Kuratorium belangrik dat hierdie dosente ook 'n diep geloofsoortuiging en spiritualiteit sal hê. Die dosente en studente kom uit verskillende kerklike tradisies, wat aan nasionale standarde en vereistes vir tersiêre opleiding voldoen. Dit is belangrik dat ons studente blootgestel word aan en skouers skuur met persone wat, soos die wêreld waarin ons predikante werk, divers en multi-kultureel is.

Die opleiding strek oor minstens ses jaar. Dit bestaan uit 'n aanvanklike vier jaar **BDiv**-kursus, gevvolg deur 'n **MTh**. Gedurende dié opleidingsjare is daar 'n sterk fokus en klem op die student se praktiese vorming en die bediening in 'n gemeente onder die leiding van 'n bekwame mentor. Praktykbloostelling in gemeentes onder die leiding van 'n mentor verskerp jaar na jaar. Ná suksesvolle voltooiing van beide die akademiese- en kerklike vorming, meld die student by die Kuratorium aan met die oog op legitimasie vir bediening as leraar in die NG Kerk.

Gedurende die aanvanklike opleiding in die eerste vier jaar, word 'n stewige teoretiese onderbou gebied. Dit behels onder meer die studie in die antieke tale, verskillende leerteorieë van die Bybel en die geskiedenis van die Christendom deur twintig eeu. Verskillende sienings oor God en die wêreld maak 'n groot deel hiervan uit. Gedurende hierdie vormingsjare is daar ook baie geleenthede om aan die praktyk van die bediening blootgestel te word. Ook hiervoor word elke student reeds uit die staanspoor aan 'n bekwame mentor toegewys.

Die kurrikulum vir die Teologiese Opleiding word deur die Fakulteit Teologie en Religie saamgestel, gekoördineer en aangebied.

3.2 Kerklike Opleiding deur die Teologiese Seminarium

'n Predikant in die bediening kan nie slegs oor akademiese kennis en vaardighede beskik nie. Die akademie vorm wel 'n noodsaaklike onderbou in die mondering van 'n predikant, maar om ook aan die praktiese eise van die bediening in die NG Kerkfamilie te voldoen, is 'n tweede, kerklike baan van opleiding, ook noodsaaklik.

Om aan die profiel van 'n afgestudeerde student met die oog op bediening in die NG Kerk te voldoen, word verskillende programme in die Seminarium aangebied. Hierdie programme strek oor die volle tydperk van opleiding. Kontaksessies vind (wat jaargroepe 1 tot 4 aanbetrif) elke Woensdag van elke semester plaas, vanaf 11:10 tot 12:00. Hierdie handleiding bevat al die detail en besonderhede van die programme en logistiek. Neem asseblief kennis van al die inligting soos wat dit betrekking het op jou program.

Ná voltooiing van die BDiv-kwalifikasie, word die kerklike vorming gedurende die MTh-studiejare verder voortgesit en in blokke deur die Seminarium aangebied. Die program vir vanjaar word later in hierdie handleiding uiteengesit.

3.2.1 Seminarium: Programme

In die onderstaande diagram word die vier uitkomste van die Seminariumprogramme uiteengesit:



TEOLOGIESE IDENTITEIT *CREDO* (*KERUGMA*)

Eietydse, gereformeerde belydenis van Christenlike geloofsidentiteit



KERKLIKE BEDIENINGSPRAKTYK (*DIAKONIA*)

Bloodstelling aan kerklike bedieningspraktyk en -konteks



SPIRITUALITEITS- EN ROEPINGSONTWIKKELING (*LEITOURGIA*)

praxis pieratis
Gesonde uitdrukking en beoefening van gereformeerde spiritualiteit



PERSOONLIKHEIDSGROEI EN VAARDIGHEDES (*KOINONIA*)

Ontwikkeling tot 'n gebalanseerde lid van die SA gemeenskap en beskik oor persoonsvaardighede



Sodra jy aan al die akademiese (Fakulteit Teologie) vereistes, sowel as die kerklike vereistes (Seminarium) voldoen het, sal jy in staat wees om as toegeruste kandidaat vir legitimasie tot die bediening in die familie van die NG Kerk te kan aanmeld (legitimasiel: Wettige toelating tot die amp van predikant).

Om by hierdie ideaal uit te kom, is 'n aantal programme ontwikkel wat jy van jaar tot jaar suksesvol moet voltooi. Jy sal raaksien (en dit is belangrik) dat al die programme sinkroniseer met jou akademiese vordering, byvoorbeeld dat wat jy by ons in die Seminarium en in jou opleidingsgemeente in praktiese werk doen, met mekaar belyn word. Verder bou hierdie verskillende programme van jaar tot jaar op mekaar. Jy sal byvoorbeeld in jou eerste jaar aan basiese kennis op 'n sekere gebied blootgestel word, maar soos jy deur die studiejare vorder, verdiep die insette en kennis.

Dit spreek dus vanself dat jy elke jaar al die programme in die Seminarium getrou moet bywoon en deurloop, en die verskillende assessorings bevredigend moet voltooi. Die aanbieders van die programme monitor die klasbywoning, deelname asook werkstukke van elke student individueel. 'n Verslag word ná afloop van elke aanbieding aan die Seminarium deurgegee, waar jou teenwoordigheid en deelname op jou lêer aangebring word.

In kort: Daar word van jou verwag om elkeen van die Seminariumaanbiedings by te woon, betrokke te wees by die besprekings en die kort werkstuk wat die aanbieder vra, betyds in te lewer. Waak daarteen om nie agter te raak nie, omdat die aanbiedings nie herhaal word nie. Soos met jou akademiese vordering, word jou betrokkenheid by die aanbiedings van die Seminarium deurlopend geëvalueer en in ag geneem wanneer beurse en lenings van die NG Kerk van die Vrystaat toegeken word.

Verder kommunikeer ons deurlopend vanaf die Seminarium met jou en aan die einde van jou vierdejaar vorm al hierdie inligting 'n belangrike deel van die evalueringsgesprek met die oog op die voltooiing van die kerklike baan en toelating tot die gemeentejaar. Eksamens vind ook in die MTh-jare plaas, waar na al die mylpale oor die jare heen gekyk word vir jou finale keuring en toelating tot die bediening in die NG Kerkfamilie (legitimasié). Soos vroeër genoem, vind die aanbiedings van die Seminariumprogram op Woensdae plaas. Hierdie periodes word goedgunstig deur die Fakulteit Teologie en Religie vir kerkeie opleiding afgestaan. Die eerste periode (11:10 tot 12:00) word in elke jaargroep aan 'n spesifieke program gewy. Die tweede periode (12:00 tot 13:00) word vir die Emmaus Bybelleesprogram geoormerk. 'n Volledige beskrywing van elke program, asook die materiaal wat jy daarvoor benodig, word met detail in die handleiding uiteengesit. Maak asseblief seker dat jy dit deeglik bestudeer, om sodoende voorbereid en betyds by elke aanbieding op te daag.

3.2.2 Die vier bane in die Kerklike Opleiding

Om dit makliker te maak om die verskillende bane te volg, word die volgende kleurkodes gebruik om die verskillende programme aan te dui:

TEOLOGIESE IDENTITEIT CREDO - KERUGMA | PERS



SPIRITALITEITS- EN ROEPINGSONTWIKKELING - LEITOURGIA | GROEN



PERSOONLIKSHEIDSGROEI EN VAARDIGHED - KOINONIA | GEEL



KERKLIKE BEDIENINGSPRAKTYK - DIAKONIA | BLOU



4. Lokale

Die verskillende jaargroepe kom in die volgende lokale byeen, tensy anders gereël:

Jaargroep	Lokaal	Programkode
BDiv I	HMS 10	Programkode begin met TS 10...
BDiv II	HMS 34	Programkode begin met TS 20...
BDiv III	HMS 33	Programkode begin met TS 30...
BDiv IV	FGG 166	Programkode begin met TS 40...

Daar word ook gereeld aktuele kerkgesprekke aangebied, waar al die jaargroepe saam in HMS 10 byeenkom. Die tema van die gesprekke/besprekings sal van tyd tot tyd aangekondig word.

5. Kampe, retreats en uitreike

Vir die verskeie jaargroepe word ook kampe/retreats/uitreike aangebied. Meer inligting oor die *retreats* kan gelees word in hierdie handleiding by julle spesifieke jaargroep. Dit is noodsaaklik dat jy elkeen van hierdie geleenthede sal bywoon, as deel van jou vorming.

6. Ander kontakgeleenthede

Besoek en blootstelling aan ander kerke en aktiwiteite vind ook eenkeer per semester vir die hele groep plaas.

7. Mentorskap

'n Baie belangrike komponent van jou voorbereiding en vorming vir die bediening in kerklike en bedieningspraktyk gebeur in samewerking met die mentors (predikante) wat deur die Kuratorium aangewys word. In die mentorsprogram kies jy, in samewerking met die Steunspan vir Studentebegleiding, 'n mentor wat gewoonlik 'n plaaslike NG-predikant is. Van die mentor word daadwerklike insette verwag om jou sodoende op die bes moontlike manier te begelei. Ons rus ook daarom die mentors behoorlik toe vir hulle taak, sodat hulle jou verantwoordelik kan begelei. Die Steunspan gaan met jou mentorpredikant 'n ooreenkoms aan. Jy skakel by die gemeente van die mentorpredikant in en daardie gemeente word jou "opleidingsgemeente". Gedurende jou studiejare word van jou verwag om ook van mentors en daarom van gemeentes, te verwissel.

Jy en jou mentor ontmoet mekaar gereeld; die mentor ondersteun en begelei jou. Ideaal gesproke sal die mentor vir jou 'n vertroueling word en ook 'n voorbeeld, na wie jy kan opsien en van wie jy kan leer met die oog op jou eie spiritualiteit, styl en waardes. 'n Student in die Teologie moet 'n lewenswyse en ethos kweek wat 'n navolger van Christus waardig sal wees.

8. Administratiewe sake en finansies

Daar is verskeie vorms wat deur die sturenderinge, gemeentes, predikante, mentors en studente voltooi moet word. Dit is jou verantwoordelikheid om voortdurend met die Administratiewe beampte van die Seminarium te kontroleer sodat jou lêer op datum bly. Die skakel na die vorms sal deur die Administratiewe beampte aan jul deurgegee word per e-pos.

Elke student ontvang vanaf die Administratiewe beampte 'n skakel na die Seminarium se inskrywingsvorm, wat voor die einde van Februarie 2024 aan die Administratiewe beampte van die Seminarium besorg moet word. Daar word verder **jaarliks 'n Seminariumfooi van R400** van elke student gehef. Studente wat beurse ontvang, gee toestemming dat hierdie fooi eenmalig van die beursuitbetaling afgetrek mag word. Studente wat nie beurse ontvang nie, betaal die fooi voor die einde van Februarie 2024 by die Administratiewe beampte in. Hierdie fooi word onder andere aangewend om die uitgawes van die programme en kampe bekostigbaar te maak.

Maak asseblief ook seker dat jy enige **verandering van persoonlike inligting** (soos jou e-posadres, selfoonnombmer) aan die Administratiewe beampte by die Seminarium deurgee. Dit is belangrik dat ons jou altyd moet kan bereik.

9. Personeel van die Seminarium

Die kantoor van die Seminarium is geleë in die gebou van die Sinodale Kerkkantoor in Van Heerdenweg 20. Die besonderhede van die personeel is:

Bestuurder | Dr Johan Nel | +27 (0)83 400 0267 | seminarium@ngkvs.co.za

Administratiewe beampte | Me Anelia van den Blink | (051) 406 6719 | kuratorium@ngkvs.co.za

By die Seminarium handhaaf ons 'n oop-deur beleid.
Enige student is welkom om by die kantoor in te loer, om watter rede ook al.

10. Ten slotte

Ons vertrou dat hierdie inligting, wanneer jy dit met die res van die handleiding saamlees, jou sal help om jou weg te vind.

Hiermee weereens, hartlik welkom. Mag 2024 'n uitstekende jaar wees. Ons bid nou saam met jou in vertroue die woorde van Lied 477:2 (LvdK):

Lied 477:2 (LvdK)

O Christen wat op Hom vertrou
jy moet geen onheil vrees nie.
Sal Hy wat sy gemeente bou,
ons nie 'n toevlug wees nie?
Hy, oor die toekoms Heer,
waak oor sy Woord en eer –
Hy gee geduld in nood
en krag en moed in dood.
Moet geen bedreiging vrees nie.




Met ons beste wense.

Dr Johan Nel

Seminariumbestuurder



**Voorgeskrewe
werk**



Assessering



DIE SEMINARIUM VAN DIE NG KERK VRYSTAAT | 2024

AFDELING B

Die kerklike vorming deur die Seminarium word nou verder verfyn. Die programme van die BDiv-studiejare word vervolgens gegee en ons verwys daarna as die sogenaamde dissipelskapsjare, soos wat Jesus die dissipels vir hulle dienswerk toegerus het. Daarna volg die twee MTh-studiejare, waarna ons verwys as die apostolaatsjare – toe Jesus die dissipels uitgestuur het. Ten slotte het Hy hulle gesalf met die Heilige Gees (legitimasié) en die bediening ingestuur.

PROGRAMME IN TEOLOGIESE SEMINARIUM Dissipelskapsjare

JAAR	TEOLOGIESE IDENTITEIT (CREDO) Module 01	SPIRITUALITEITS- EN ROEPINGSONTWIKKELING Module 02	PERSOONLIKHEIDSGROEI EN VAARDIGHEDEN Module 03	KERKLIKE BEDIENINGSPRAKTYK Module 04	
1	TS 101	TS 102	TS 103	TS 104	
BDiv I	Heidelbergse Kategismus -> Geloof/gebed/gebed Filosofiese Oriëntering -> Wereldbeeld Gemeenteverhaal -> Herkoms	Emmaus Bybelleesprogram Aanbidding -> Gebed -> Musiek Roepingsjoernaal Ontmoetingsdag Gesamentlike retreat	Persoonlikheidstoets Terugvoergesprek(ke) Werkswinkels -> Studie/Leesvaardighede (twee sessies) -> Skryfvaardighede gesamentlik (jr 2, 3, 4) (3) -> Sosiale kommunikasie	Gemeente Mentorskap -> Inskakeling -> Waarneming -> Mentorskap Aktuele Kerkgesprek Uitreik: Botsabelo en Torings van Hoop	SB Steunspan Mentor Aanbieders Evaluering
2	TS 201	TS 202	TS 203	TS 204	
BDiv II	Nederlandse Geloofsbelijdenis -> Skrif/Triniteit/kerk en amp -> Sakramente Filosofiese Oriëntering -> Mensbeeld Gemeenteverhaal (huidig)	Emmaus Bybelleesprogram Aanbidding -> Gebed -> Musiek Gesamentlike retreat	Persoonlike gesprekke: Sielkundige Werkswinkels -> Emosionele Intelligenste -> Skryfvaardighede gesamentlik (jr 2, 3, 4) (3) -> Sosiale kommunikasie -> Spraak en voordrag	Gemeente Mentorskap -> Jeugprogramme/mentorskap -> Uitreik/dienslewer Aktuele Kerkgesprek Ervaringsleer Uitreik: Lesotho	SB Steunspan Mentor Aanbieders Evaluering
3	TS 301	TS 302	TS 303	TS 304	
BDiv III	Dordtse Leerreëls & Kerkorde -> Verlossing -> Geloofsekherheid -> Heiligmaking -> Kerk en ordening NGK-Familieverhaal (1665-1902)	Emmaus Bybelleesprogram Aanbidding -> Gebed -> Musiek / Himnologie Gesamentlike retreat	Persoonlike gesprekke: Sielkundige Werkswinkels -> Verhoudingsvaardighede -> Trauma -> vaardighede/ontlootning -> Spraak en voordrag -> Skryfvaardighede	Gemeente Mentorskap -> Kategese -> Erediensbetrokke -> Mentorskap Gemeenskapsdiens Aktuele Kerkgesprek Uitreik: Natal	SB Steunspan Mentor Aanbieders Evaluering
4	TS 401	TS 402	TS 403	TS 404	
BDiv IV	Belhar en ander eietyds -> Geregtigheid -> Versoening -> Eenheid NGK-Familieverhaal (20ste eeu)	Emmaus Bybelleesprogram Aanbidding -> Gebed, musiek, kuns / Himnologie Gesamentlike retreat Stildag	Persoonlike gesprekke: Sielkundige Werkswinkels -> Trauma II/konflikhantering -> Skryfvaardighede twee sessies -> Spraak en voordrag	Gemeente Mentorskap -> Kerkraad/Pastoraat -> Missionale projek/Mentorskap Aktuele Kerkgesprek Kerklike evaluering Uitreik: Zambië	SB Steunspan Mentor Aanbieders Evaluering

AANBIEDERS SEMINARIUM - DISSIPELSKAPSJARE

Dr Bertus Celliers
082 784 9735
bertuscelliers@gmail.com

Chris de Vries
084 258 4556
chris-d-v@live.co.za

Lindani Gobingca
081 701 7173
gobingcal@ufs.ac.za

Cobus Hamman
082 399 5288
hamman@schoolink.co.za

Gideon Lamprecht
082 417 0507
gideon.lamprecht777@gmail.com

De la Harpe le Roux
083 232 1051
dlh@towershope.org

Jan Lubbe
082 784 9362
janlubbe1964@gmail.com

Gerhard Meyer
078 107 7154
petrusgerhardm@gmail.com

Johan Nel
083 400 0267
seminarium@ngkvs.co.za

Francois Smith
051 401 9111
smithfah@ufs.ac.za

Riaan Stander
082 665 8478
myposduif@vox.co.za

Barnard Steyn
082 842 7028
bicsteyn@ngkvs.co.za

Gideon van der Watt
082 780 8038
gideonvanderwatt5@gmail.com

Jan Venter
072 215 2917
janv411@gmail.com

AANBIEDERS KAMPE

Ontmoetingsdag 1ste jaars
Johan Nel
083 400 0267
seminarium@ngkvs.co.za

Roepingsretreat MTh II
Cobus Hamman
082 399 5288
hamman@schoolink.co.za

Stilretreat 3de + 4de jaars
Jan Lubbe
082 784 9362
janlubbe1964@gmail.com

Roepingsretreat MTh II
Johan Nel
083 400 0267
seminarium@ngkvs.co.za

2024 KERKLIKE OPLEIDING | JAARGROEPE 1 - 4

JAAR

BDiv I

BDiv II

BDiv III

BDiv IV

LOKAAL

HMS 10

HMS 34

HMS 33

FGG 166

1e Semester 2024

12

FAKULTEITSOPENING
Lokaal: Odeion / Tyd: 09:00

Aanbieders & Begeleiers / Mentors Inligtingsessie
Plek: St Paulus Lutherse Kirche / Tyd: 15:00

14

Seminarium Inligtingsperiode (Steunspan, studente en mentors) 11:10 – 13:00
HMS 10 (ASWOENSDAG)

16

ROEPINGSRETREAT (DR JOHAN NEL – EERSTEJAARS) / KOPANO NOKENG

21

TS 103 Persoonlikheidstoets

Aanbieder: Kampus Sielkundige
ASS: Bywoning en formatief
(verslag & terugvoer)

TS 203 Emosionele Intelligenzie

Aanbieder: Dr Johan Nel
ASS: Bywoning en formatief
(kort verslag)

TS 302 Persoonlike Spiritualiteit

Aanbieder: Ds Cobus Hamman
ASS: Bywoning en formatief
(kort verslag)

TS 401 NGK 20ste eeu

Aanbieder: Ds Jan Lubbe
ASS: Bywoning en formatief
(werksopdrag en verslag)

28

TS 103 Persoonlikheidstoets

Aanbieder: Kampus Sielkundige
ASS: Bywoning en formatief
(verslag & terugvoer)

TS 203 Emosionele Intelligenzie

Aanbieder: Dr Johan Nel
ASS: Bywoning en formatief
(kort verslag)

TS 302 Persoonlike Spiritualiteit

Aanbieder: Ds Cobus Hamman
ASS: Bywoning en formatief
(kort verslag)

TS 401 NGK 20ste eeu

Aanbieder: Ds Jan Lubbe
ASS: Bywoning en formatief
(werksopdrag en verslag)

6

TS 103 Persoonlikheidstoets

Aanbieder: Kampus Sielkundige
ASS: Bywoning en formatief
(verslag & terugvoer)

TS 203 Emosionele Intelligenzie

Aanbieder: Dr Johan Nel
ASS: Bywoning en formatief
(kort verslag)

TS 301 DL & KO

Aanbieder: Dr Bertus Celliers
ASS: Bywoning en formatief
(werksopdrag + verslag)

TS 401 NGK 20ste eeu

Aanbieder: Ds Jan Lubbe
ASS: Bywoning en formatief
(werksopdrag en verslag)

13

TS 103 Studie/Leesvaardigheid

Aanbieder: Kampus Sielkundige
ASS: Bywoning en formatief
(verslag & terugvoer)

TS 203 Persoonlike Gedragsvorming

Aanbieder: Dr Johan Nel
ASS: Bywoning en formatief
(kort verslag)

TS 301 DL & KO

Aanbieder: Dr Bertus Celliers
ASS: Bywoning en formatief
(werksopdrag + verslag)

TS 401 NGK 20ste eeu

Aanbieder: Ds Jan Lubbe
ASS: Bywoning en formatief
(werksopdrag en verslag)

15
–
16

STILRETREAT (DS JAN LUBBE – 3DE & 4DE JAARS) / MENUHA

Begin Vrydag 13:00 tot Saterdag 15:00

MRT

20	TS 103 Studie/Leesvaardigheid Aanbieder: Kampus Sielkundige ASS: Bywoning en formatief (verslag)	TS 202 Persoonlike Spiritualiteit Aanbieder: Ds Cobus Hamman ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	TS 303 Verhoudingsvaardighede Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	TS 401 NGK 20ste eeu Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag en verslag)
27	TS 103 Emosionele Intelligensie Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	TS 202 Persoonlike Spiritualiteit Aanbieder: Ds Cobus Hamman ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	TS 303 Persoonlike Gedragsvorming Aanbieder: Ds Gerhard Meyer ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	TS 401 NGK 20ste eeu Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag en verslag)

VAKANSIE

APR

17	Aktuele Kerkgesprek HMS 10			
24	TS 101 Gemeenteverhaal Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning + Gemeenteverhaal op skrif	TS 201 Gemeenteverhaal Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning + Gemeenteverhaal op skrif	TS 301 DL & KO Aanbieder: Dr Bertus Celliers ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 403 Verhoudingsvaardighede Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)
8	TS 101 HK Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 NGB Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 301 DL & KO Aanbieder: Dr Bertus Celliers ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 403 Konflikvaardighede Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)
15	TS 101 HK Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 NGB Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 301 DL & KO Aanbieder: Dr Bertus Celliers ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 403 Konflikvaardighede Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)
22	TS 101 HK Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 NGB Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 301 DL & KO Aanbieder: Dr Bertus Celliers ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 403 Verhoudingsvaardighede Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)

VAKANSIE

MEI

JAAR	BDiv I	BDiv II	BDiv III	BDiv IV
LOKAAL	HMS 10	HMS 34	HMS 33	FGG 166
2e Semester 2024				
JUL				
10	TS 101 HK Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 NGB Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 303 Emosionele Intelligenzie Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	TS 401 Belhar Aanbieder: Dr Gideon vd Watt ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
17	TS 101 HK Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 NGB Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 301 NGK-verhaal tot 1902 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 401 Belhar Aanbieder: Dr Gideon vd Watt ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
24	TS 101 HK Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 NGB Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 301 NGK-verhaal tot 1902 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 401 Belhar Aanbieder: Dr Gideon vd Watt ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
31	TS 101 HK Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 NGB Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 301 NGK-verhaal tot 1902 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 401 Belhar Aanbieder: Dr Gideon vd Watt ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
AUG				
7	TS 101 HK Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 NGB Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 303 Emosionele Intelligenzie Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	TS 401 Belhar Aanbieder: Dr Gideon vd Watt ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
14	TS 101 HK Aanbieder: Ds Jan Venter ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 NGB Aanbieder: Ds Gideon Lamprecht ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 301 NGK-verhaal tot 1902 Aanbieder: Ds Jan Lubbe ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 401 Belhar Aanbieder: Dr Gideon vd Watt ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
16 - 18	RETREAT VIR JAARGROEPE BDIV I – BDIV IV			
21	Geen Seminariumaanbieding ná retreat			
VAKANSIE				

JAAR	BDiv I	BDiv II	BDiv III	BDiv IV	
LOKAAL	HMS 10	HMS 34	HMS 33	FGG 166	
SEP	4	GEMEENTEPRAKTYK (STEUNSPAN, STUDENTE EN MENTORS)			
		TS 103 + TS 203 Skryfvaardighede	TS 303 + TS 403 Skryfvaardighede		
	11	Aanbieder: Dr Francois Smith Professionele Skriftelike Kommunikasie	Aanbieder: Ds Janke Hurter Skryf van oordenking vir gemeenteblad		
	18	Aktuele Kerkgesprek HMS 10			
	25	TS 102 Persoonlike Spiritualiteit Aanbieder: Ds Cobus Hamman ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	TS 203 Inleiding Sotho Aanbieder: Dr Riaan Stander ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 303 My kommunikasie in sosiale media Aanbieder: Sal aangekondig word ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 403 Verbale Kommunikasie Aanbieder: Sal aangekondig word ASS: Bywoning en formatief (Werksopdrag - manuskrip)
	2	TS 102 Persoonlike Spiritualiteit Aanbieder: Ds Cobus Hamman ASS: Bywoning en formatief (kort verslag)	TS 203 Inleiding Sotho Aanbieder: Dr Riaan Stander ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 303 Skryfvaardighede (Sosiale Media) Aanbieder: Sal aangekondig word ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 403 Skryfvaardighede Verbale Kommunikasie Aanbieder: Dr Francois Smith ASS: Bywoning en formatief (Werksopdrag - manuskrip)
	9	TS 101 Filosofiese Oriëntasie Aanbieder: Mn Lindani Gobingca ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 Filosofiese Mensbeeld Aanbieder: Prof Laetus Lategan ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 303 Skryfvaardighede (Sosiale Media) Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 402 Himnologie Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
	16	TS 101 Filosofiese Oriëntasie Aanbieder: Mn Lindani Gobingca ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 201 Filosofiese Mensbeeld Aanbieder: Prof Laetus Lategan ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 302 Himnologie Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)	TS 402 Himnologie Aanbieder: Dr Johan Nel ASS: Bywoning en formatief (werksopdrag + verslag)
	17	BDIV IV PANEELEVALUERING 14:00 (Sinodale Kantoor)			
	23	MTh I (5e Jaar) SKRIFTELIKE EVALUERING 08:30 (Sinodale Kantoor) SEMINARIUMAFSLUITING 11:00			
NOV	19	LEGITIMASIEPLEGTIGHEID 18:00			

GEDETAILEERDE OMSKRYWING VAN ALLE PROGRAMME | 2024

ALLE PROGRAMME WORD GEKOÖRDINEER
deur Dr Johan Nel - Seminariumbestuurder

Van toepassing op **jaargroepe I tot IV**

SEMINARIUMOPENING

Aanbieder | Seminarumpersoneel, Steunspanne, Studente (BDiv I – IV, PGDip- en MTh-studente),
Studente in Diverse bane van opleiding, en mentors, aanbieders.

Tyd | 15:00

Plek | St Paulus Lutherse Kirche

Datum: 12 Februarie

SEMINARIUM-INLIGTINGSPERIODE

Aanbieder | Dr Johan Nel, Steunspan, Studente en Mentors

Tyd | 11:10 – 13:00

Lokaal | HMS 10

Datum: 14 Februarie


SEMINARIUMAFSLUITING

Aanbieder | Seminarumpersoneel, Steunspanne, Studente (BDiv I – IV, PGDip- en MTh-studente),
studente in Diverse bane van opleiding, mentors & aanbieders

Tyd | 11:00

Plek | St Paulus Lutherse Kirche

Datum: 23 Oktober



TS 101 GEMEENTEVERHAAL

Aanbieder | Ds Jan Lubbe

Tyd | 10:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datums: 3 April | 24 April

As deel van hul ontmoeting/aankoms/bekendstelling word studente uitgenooi om die verhaal van hul gemeente van herkoms te deel. In gesprekke stel hulle die gemeente kortliks bekend en kry elke student geleentheid om van hulle verbintenis met die gemeente te vertel (doop, eredienste, kategese, belydenis van geloof, Nagmaal, besondere leraar, uitreike ens.). Die aanbieder vat dit saam en plaas hulle gemeente vir die studente in 'n groter verhaal, naamlik dié van die breë NG Kerk-familieperspektief en in die eietyd van hul generasie (d.w.s. afgelope twee/drie dekades). Hulle word dan versoek om die volgende inligting oor die gemeente te gaan versamel: Stigtingsdatum, rede vir stigting, inwyding van kerkgebou, hoeksteenreks, belangrikste historiese gebeure, feesalbums of gedenkboek, visie of roeping, lidmaattal, huidige leraars, verskeidenheid in gemeentelike lewe/aksies, ringsverband en missionale gerigtheid van die gemeente. Ter voorbereiding van die tweede gesprek skryf die studente hierdie "gemeenteverhaal" op (1 A4, getik), herdink hul eie verbintenis aan en vorming in daardie gemeente, bring dit in verband met hul roeping nou en bring dit na die klasgesprek vir deel, gesprek en onderskeidende vrae. Die studente verwerk dit daarna verder, rond af en lewer 'n week later in.



Assessering

Bywoning en gemeenteverhaal op skrif

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal



TS 101 HEIDELBERGSE KATEGISMUS

Aanbieder | Ds Jan Venter

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datums: 8 Mei | 15 Mei | 22 Mei | 10 Julie | 17 Julie | 24 Julie | 31 Julie

In die gesprekke word studente ingelei in die agtergrond, aard, inhoud, Skrifvertolking en bedieningsgebruik van die Heidelbergse Kategismus. Wat inhoud betref, word daar gefokus op die drie hooftemas van geloof (aard & Apostolicum), gebod (Tien Woorde van 'n gelukkige lewe) en gebed (Onse Vader). Die bedoeling hiervan is om studente bekend te stel aan die gereformeerde-teologiese taal van ons tradisie. Die aanbieder ontwikkel 'n werkswyse om studente deurlopend by die tema betrokke te hou. Een of meer werksopdragte kan gegee word (2 A4 getik).



Voorgeskrewe werk

Heidelbergse Kategismus

Jonker, WD. 1994. *Bevrydende waarheid*.

pp 92-122 | Van Tonder, H (red.). 2013.

Sewe stories en 'n stock cube



Assessering

Bywoning en formatief (werksopdragte)

Kort verslag en

aanbiedingsmateriaal



S 101 FILOSOFIESE ORIËNTASIE

Aanbieder | MnR Lindani Gobingca

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datums: 7 Augustus | 14 Augustus | 9 Oktober | 16 Oktober

In die gesprekke word studente ingelei in 'n breë oorsig van die ontwikkeling van die filosofie in die Weste (ideeëgeskiedenis) en die relevansie daarvan vir 'n eietydse, Afrika-konteks. Groot gedagtesisteme, prominente figure en populêre tendense word met mekaar in verband gebring én met die vraag wat dit vir 'n bediening aan die mense van hierdie tyd impliseer. 'n Opwindende reis na 'n Christelike beskouing op die tyd en wêreld waarin ons leef.



Voorgeskrewe werk

Word voorsien



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag en

aanbiedingsmateriaal



TS 102 ONTMOETINGSRETREAT

Aanbieder | Dr Johan Nel

Tyd | 13:00 – 21:00

Waar | Kopano Nokeng

Datum: 16 Februarie

'n Ontmoeting met eerstejaarstudente in 'n gerieflike en vriendelike omgewing, waar hulle tot verhaal kan kom, ontspan en rus, mekaar leer ken, gesonde kos saam eet, die Skrif lees en oordink ten opsigte van hul menswees en roeping om teologie te studeer en God saam te aanbid. 'n Bybelstudie met 'n biografiese roepingstema loop soos 'n goue draad deur die retreat (bv. Moses, Jeremia, Jona of Petrus). Geleentheid vir stilte en stap word gegee. Deur die aanleer van Taizé-musiek word aanbidding verdiep. Geleentheid vir 'n nagmaalsviering. Gesprekke om hierdie eerstejaarstudente te oriënteer aan wat dit beteken om teologie te studeer, die eise en trajekte daarvan en veral die werk wat in die Seminarium gedoen word met die oog op hul uiteindelike legitimasie.



Assessering

Teenwoordigheid en kort roepingsjoernaal

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal



TS 103 PERSOONLIKHEIDSTOETS EN OPVOLGGESPREKKЕ

Aanbieder | Kampus sielkundige

Tyd | 11:10 - 12:00 (*sal bevestig word*)

Lokaal | Studentevoorligting

Datums: 21 Februarie | 28 Februarie | 6 Maart

'n Opvolg op die eenmalige algemene persoonlikheidstoets word deur die sielkundige afgeneem, klasgroep as geheel. Hierna meld elke student aan vir individuele terugvoergesprek en ten minste 7 opvolgesprekke deur die jaar.



Assessering
Bywoning en formatief
Kort verslag

TS 103 PERSOONLIKHEIDSTOETS EN OPVOLGGESPREKKE



Aanbieder | Kampus sielkundige
Tyd | 11:10 - 12:00 (*sal bevestig word*)
Lokaal | Studentevoorligting

Datums: 21 Februarie | 28 Februarie | 6 Maart

'n Opvolg op die eenmalige algemene persoonlikheidstoets word deur die sielkundige afgeneem, klasgroep as geheel. Hierna meld elke student aan vir individuele terugvoergesprek en ten minste 7 opvolgesprekke deur die jaar.



Assessering
Bywoning en formatief
Kort verslag

TS 103 EMOSIONELE INTELLIGENSIE



Aanbieder | Dr Johan Nel
Tyd | 11:10 - 12:00
Lokaal | HMS 34

Datum: 27 Maart

In die gesprek wat 'n evaluering insluit, word studente gehelp om ingelei te word in die wêreld van emosionele intelligensie. Studente word onder die indruk gebring van die belangrikheid van emosionele volwassenheid by predikante, en die noodsaak om dit as deel van hulle mondering te bekom, en uit te bou. Hierdie groei begin vroeg reeds en is 'n lewenslange proses.



Assessering
Bywoning en formatief
Kort verslag

TS 103 STUDIE/LEESVAARDIGHEID



Aanbieder | Kampus sielkundige
Tyd | 11:10 - 12:00 (*Sal bevestig word*)
Lokaal | Studentevoorligting

Datums: 13 Maart | 20 Maart

In dié gesprekke word studente gehelp om hul eie studie- en leesvaardighede te evaluateer en te verbeter aan die hand van bekendstelling aan verskillende metodes en tegnieke.

Leesstof soos nodig.



Assessering
Bywoning en formatief
Kort verslag



TS 103 SKRYFVAARDIGHEDE


Aanbieder | Dr Francois Smith

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 34

Datum: 11 September

Aangesien 'n integrale deel van 'n predikante skryfwerk en kommunikasie behels, is dit noodsaaklik om verstaanbaar, duidelik, stylvol en keurig te kan korrespondeer. Studente word in hierdie aanbieding inleidend blootgestel aan die kuns van goeie skryfwerk en kommunikasie in Afrikaans.



Assessering
Bywoning en formatief
Kort verslag



TS 104 GEMEENTEPRAKTYK

Aanbieder | Steunspan Studentebegleiding / Mentors in die opleidingsgemeentes

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datum: 4 September

By die geleentheid word eerstejaarstudente ingelig oor die bedoeling en verwagtinge van hul blootstelling aan die gemeentelike praktyk en lewe in 'n plaaslike NG-, NGKA- of VGK-gemeente in of naby Bloemfontein. Hulle word genooi om 'n gemeente te identifiseer waarby hulle as lidmate sou wou inskakel, gelei om met die leraar van daardie gemeente kontak te maak en dan aangemoedig om die bediening in die gemeente waar te neem ("observe"). Basiese leidende vrae sou aan hulle gestel kon word, byvoorbeeld rakende die eredienste van die gemeente (wat sien, hoor, beleef jy?); die kenmerke van 'n gereformeerde kerk (bediening van Woord, sakrament, onderlinge sorg); die gemeentelike organisasie (wie, wat, wanneer, waar, waarom?) en die missionele gerigtheid van die gemeente na hul wêreld rondom (wie, wat, waarheen).



Assessering
Inskakeling by gemeente en afsprake met mentor
Skriftelike verslag van mentor op voorgeskrewe vorm (September)
Skriftelike verslag van student (Oktober)



TS 104 AKTUELE KERKGESPREK

Aanbieder | Tema word telkens aangekondig, aan die hand van 'n vraagstuk of gebeure in die Kerk op daardie stadium.

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datums: 17 April | 18 September

TS 104 SEMINARIUMRETREAT VIR JARE BDIV I – BDIV IV



Aanbieder | Seminariumbestuurder & Steunspan

Tyd | Retreat begin Vrydag laatmiddag en sluit Sondag teen middagete af.

Plek | Menuha

Datum: 16 - 18 Augustus

Die volgende temas word gedurende 'n 4 jaar siklus hanteer:

- Trauma
- Konflikhantering
- Fliek saam met Steunspan
- Spiritualiteit – Kapel
- Roeping
- Ervaringsleer
- Publieke beeld



Assessering

Bywoning en deelname aan die verskillende aktiwiteite.

TS 104 KERKLIKE BEDIENINGSPRAKTYK: UITREIK (OOR 'N 4 JAAR SIKLUS)



Aanbieder | Vennote in Getuienis – Ds De la Harpe le Roux & Ds Gerhard Meyer

Plek | Ten Days / Torings van Hoop

Datum: Deurlopend - program sal aangekondig word



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag

TS 102 PERSOONLIKE SPIRITUALITEIT



Aanbieder | Ds Cobus Hamman

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datums: 25 September | 2 Oktober

Kennis van verskillende spiritualiteitstipes word verken.


Daar word ook op 'n dieper vlak met die groep gewerk rakende hulle eie (persoonlike) spiritualiteit. Voortdurende verdieping in spiritualiteit word 'n lewenswyse. Die bekendstelling aan verskillende dissiplines rakende spiritualiteit word bespreek en verken en 'n ritme daarrondom gevestig.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal



TS 201 NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

Aanbieder | Ds Gideon Lamprecht

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | Aanlyn

Datums: 8 Mei | 15 Mei | 22 Mei | 10 Julie | 17 Julie | 24 Julie | 31 Julie

In die gesprekke word studente ingelei in die agtergrond, aard, inhoud, Skrifvertolking en bedieningsgebruik van die Nederlandse Geloofsbeloof. Wat inhoud betref, word daar gefokus op artikels rakende Gods-openbaring en die Skrifte (1-8), die Triniteit van God (9-26), kerk en amp (27-32) en die sakramente (33-35). Die bedoeling hiervan is om studente in die gereformeerde-teologiese taal van ons tradisie te laat verdiep en dit in verband te bring met die lewe en bediening in 'n gemeente.

Die aanbieder ontwikkel 'n werkswyse om studente deurlopend by die tema betrokke te hou.



Voorgeskrewe werk

Nederlandse Geloofsbeloof
Jonker, WD. 1994.
Bevrydende waarheid. pp 49-91



Assessering

Bywoning en formatief
(werksopdragte)
Kort verslag en
aanbiedingsmateriaal



TS 201 GEMEENTEVERHAAL

Aanbieder | Ds Jan Lubbe

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 34

Datums: 3 April | 24 April

As deel van hul verdere inskakeling by 'n opleidingsgemeente, word studente uitgenooi om die verhaal van daardie gemeente (hier in Bloemfontein) te deel. In die eerste gesprek word hul gemeentes genoem en kry elke student geleentheid om van hul verbintenis met hierdie gemeente te vertel (inskakeling hier in Bloemfontein; belewenis van eerste jaar in gemeente). Die aanbieder vat dit saam en plaas vir die studente, hul gemeente in 'n groter verhaal, naamlik dié van die breë NG Kerk-familieperspektief en in die eietyd van die studente (d.w.s. afgelope twee/drie dekades). Hulle word dan versoek om die volgende inligting oor die gemeente te versamel: Stigtingsdatum, rede vir stigting, inwyding van kerkgebou, hoeksteenteks, belangrikste historiese gebeure, feesalbum of gedenkboek al dan nie, visie of roeping, lidmaattal, huidige leraars, kwaliteit van gemeentelike lewe/aksies, ringsverband en missionale gerigtheid van die gemeente. Ter voorbereiding van die tweede gesprek (aan die einde van die tweede semester) skryf die studente dan hierdie "gemeenteverhaal" op (2 A4 bladsye, getik), deur gebruik te maak van die kreatiewe skryfvaardighede wat hul in 'n TS 203-gesprek leer ken het.

Die fokus van hierdie opdrag is om die theologiese identiteit van hul opleidingsgemeente in 'n sinvolle bekendstelling en sintese te beskryf. Hulle bring dit saam vir die tweede gesprek, waartydens daar geleentheid sal wees om dit te deel met ander en saam tot 'n oorsigtelike konklusie te kom.



Assessering

Bywoning en gemeenteverhaal op skrif
Kort verslag en aanbiedingsmateriaal

TS 201 FILOSOFIESE MENSBEELD



Aanbieder | Prof Laetus Lategan

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 34

Datums: 9 Oktober | 16 Oktober

In die gesprekke word studente ingelei in 'n algemene oorsig van die belangrikste mensebeskouings uit verskillende tradisies/kulture, oor die aard, sin en waardigheid van menswees, regte en verantwoordelikhede en wat dit vir ons bediening aan mense van hierdie tyd impliseer. 'n Opwindende reis na 'n Christelik-etiese beskouing van die mens.



Voorgeskrewe werk

Word voorsien



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag en

aanbiedingsmateriaal

TS 202 EMMAUS BYBELLEESPROGRAM



Aanbieder | Steunspan Studentebegleiding

Tyd | 12:00 - 13:00


Lokaal | HMS 10

Elke Woensdag in 1e tot 4e semester deurlopend

Daaglikse persoonlike leesrooster uit seleksie van Bybelboeke, refleksie en skryf daaroor.

Weeklikse kring vir gesprek tussen klasmaats, deel en gebed.

Elke student ontvang 'n Emmaus Werksboekie waarin hy/sy aantekeninge kan maak.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag

TS 203 EMOSIONELE INTELLIGENSIE



Aanbieder | Dr Johan Nel

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 34

Datums: 21 Februarie | 28 Februarie | 6 Maart

In die gesprekke wat 'n evaluering insluit, word studente gehelp om hul eie emosionele intelligensie te verken en te ontwikkel aan die hand van verskillende benaderings. Studente word versoek om in opvolging van hierdie werkswinkel, vir ten minste één individuele opvolgesprek by die betrokke sielkundige aan te meld – dit sluit ook aan by die twee gesprekke in die eerstejaar.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag



TS 203 GEDRAGSVAARDIGHED

Aanbieder | Ds Gerhard Meyer

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 34

Datum: 13 Maart

In hierdie gesprekke word die studente bewus gemaak van die wyse waarop 'n persoon haar/homself aanbied, algemene optrede en gedrag.

Optrede, styl en optrede, bondig saamgevat onder die term "gedrag" word bespreek. Selfkennis kry aandag, asook mensekennis en optrede in gegewe situasies.

Leesstof soos nodig.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag



TS 203 SKRYFVAARDIGHED

Aanbieder | Dr Francois Smith

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 34

Datum: 11 September

Aangesien 'n integrale deel van 'n predikante skryfwerk en kommunikasie behels, is dit noodsaaklik om verstaanbaar, duidelik, stylvol en keurig te kan korrespondeer. Studente word in hierdie aanbieding inleidend blootgestel aan die kuns van goeie skryfwerk en kommunikasie in Afrikaans.



TS 203 INLEIDING SOTHO

Aanbieder | Dr Riaan Stander

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 34

Datums: 7 Augustus | 14 Augustus | 25 September | 2 Oktober

Studente word aan 'n basiese inleiding van Sesotho blootgestel ten einde 'n bewussyn en respek te kweek vir anderstaliges, maar ook as 'n daadwerklike stap in die rigting van inklusiewe bediening, wat toenemend van dienaars van die Woord vereis word. Hierdie inleidende kursus beoog nie om studente taalvaardig te maak nie, maar wel sensitief te maak, en te bemagtig met 'n basiese woordeskat.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag en terugvoer

TS 202 PERSOONLIKE SPIRITUALITEIT



Aanbieder | Ds Cobus Hamman

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datums: 20 Maart | 27 Maart

Kennis van verskillende spiritualiteitstipes word verken.

Daar word ook op 'n dieper vlak met die groep gewerk rakende hulle eie (persoonlike) spiritualiteit. Voortdurende verdieping in spiritualiteit word 'n lewenswyse. Die bekendstelling aan verskillende dissiplines rakende spiritualiteit word bespreek en verken en 'n ritme daarroundom gevestig.

Leesstof soos nodig.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal

TS 204 KERKLIKE BEDIENINGSPRAKTYK: UITREIK (OOR 'N 4 JAAR SIKLUS)



Aanbieder | Vennote in Getuienis – Ds Frans du Toit

Bestemming | Lesotho

Datum: 23 – 30 Junie



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag

TS 204 GEMEENTEPRAKTYK



Aanbieder | Steunspan Studentebegeleiding / Mentors in die opleidingsgemeentes

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datum: 4 September

By die geleentheid word studente herinner aan hul waarneming van die lewe en bediening in hul opleidingsgemeente (waar hul verkieslik ook as lidmate ingeskakel het). Met die oog op hul jaargroep, word studente versoek om betrokke te raak as waarnemers en hulpwerkers by jeugprogramme, uitreike en projekte van dienslewering in die gemeente.

Basiese leidende vrae sou aan hulle gestel kon word, byvoorbeeld watter jeugprogramme en uitreikaksies/bedieninge daar in die gemeente bestaan, op watter teikengroepe dit gerig is, wie daarby betrokke is en wat as inhoud aangebied word.

Weereens gaan die gesprekke met 'n mentor/begeleierpredikant voort, oor hierdie jeugprogramme/uitreike, maar óók oor die algemene welstand van die student en sy/haar vordering met hul studies en belewenis van kerklike opleidingsprogramme.

Die inskakeling van studente by 'n opleidingsgemeente, die opbou van 'n gesonde mentorsverhouding en betrokkenheid by gemeentelike projekte word deur die Seminariumbestuurder gemonitor. Dit is die student se verantwoordelikheid om in geval van die oorweging van verandering van gemeente en mentor, die Seminariumbestuurder en Steunspan Studentebegeleiding onverwyld daarvan in kennis te stel.



Assessering

Inskakeling en deelname aan jeugprogramme & gemeente-uitreike

Gereelde afsprake met mentor

Skriftelike verslag van mentor op voorgeskrewe vorm (September)

Skriftelike verslag van student (Oktober)




TS 204 AKTUELÉ KERKGESPREK

Aanbieder | Sal aangekondig word

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datums: 17 April | 18 September



TS 301 FAMILIEVERHAAL VAN DIE NG KERK TOT 1902

Aanbieder | Ds Jan Lubbe

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 33

Datums: 17 Julie | 24 Julie | 31 Julie | 7 Augustus | 14 Augustus

Nadat daar in die eerste twee jaar 'n bewussyn by studente gekweek is dat hul persoonlike roepingsverhaal en belewenis van die bediening mede-gevorm is deur die gemeentes waardeur hul lewensweg aangekom het en hul tans van lidmate is, word die derdejaars nou ingelei in die verhaal van die NG Kerk-familie, vanaf die eerste gemeente in die Kaap (1665) tot en met die afloop van die groot Suid-Afrikaanse oorlog (1902).

In sewe (7) gesprekke, kan die volgende temas hanteer word:

- Aankoms en vestiging van 'n Nederlandse kerk aan die suidpunt van Afrika (1652)
- Eerste sewe gemeentes, leraars en bedieninge (1665-1798)
- Wat is gelees, gesing, gevier? Oor Skrif, liturgie, leesboek, sakrament (18e eeu)
- Van Klassis en "Gecombineerde Kerckvergadering" na die eerste Sinode (1824)
- Kerklike lewe op trek na die noorde (1830-1862)
- Teologiese identiteit van die NGK-familie in die 19e eeu
- Die NGK-familie en die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902)

Benewens die oorvertel/ontdekking van die verhaal van die "familie" van NG Kerke, is die fokus van hierdie gesprekke om by derdejaarstudente 'n begrip en liefde vir die bediening in/deur ons kerklike tradisie te stimuleer as voorbereiding vir die kompleksiteite en ontwikkelinge in die 20ste eeu.

Die aanbieder ontwikkel 'n werkswyse om studente betrokke te hou by die verloop van die verhaal, deur primêre bronne bekend te stel, addisionele leeswerk te gee en 'n oorsigtelike werksopdrag (3 A4-bladsye, getik) wat aan die einde van die module deur die student ingelewer word, rondom 'n tema wat die student help aan basiese eie navorsing, integrasie van die familieverhaal met sy/haar persoonlike roepings/bedieningsverhaal en die benutting van kreatiewe skryfvaardighede.

Voorgeskrewe werk

Van der Watt, PB. 1976. *Die Ned. Geref. Kerk 1652-1824*

Hofmeyr, JW (et al). 1991. *History of the Church in South Africa. A document & source book (capita selecta)*

Strauss, PJ. 2015. *Gereformeerdes onder die Suiderkruis, 1652-2011.* pp 3-52



Assessering

Bywoning en formatief (werksopdrag oor NGK-familieverhaal)
Kort verslag en aanbiedingsmateriaal



TS 301 DORDTSE LEERREËLS EN KERKORDE

Aanbieder | Dr Bertus Celliers

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 33

Datums: 6 Maart | 13 Maart | 24 April | 8 Mei | 15 Mei | 22 Mei

In die gesprekke word studente ingelei in die agtergrond, aard, inhoud, Skrifvertolking en bedieningsgebruik van die Dordtse Leerreëls. Wat inhoud betref, word daar gefokus op die drie hooftemas, te wete God se ewige verkiesing vir ons tot troos en sekerheid (hfstk. 1); Christus as Verlosser in wie ons God se liefde herken en na toe draai (hfstk. 2, 3 & 4); en ons groei in sekerheid en heiligeid (hfstk. 5).

Die bedoeling hiervan is om derdejaarstudente wat nou al 'n theologiese taal ontwikkel het, ryper is vir eie nadanke oor God en Sy wil vir ons, maar ook soekend na die gronde van ons geloofsekerheid, te lei na ons diepste troos: Ons behoort aan God (HK So. 1) – dít is ons geloofs- en theologiese identiteit.

Die studente word versoek om 'n kort opstel (2 A4 getik) te skryf oor die tema: "My weg terug na die Vaderhuis" (as basisbron: Lukas 15 se gelykenis van die pa met twee verlore seuns en die Dordtse Leerreëls).

In verdere gesprekke, kom ook die Dordtse Kerkorde aan die orde. Die derdejaarstudente het alreeds in module TS 301 "Familieverhaal van die NGK" met hierdie Kerkorde kennis gemaak as basisdokument vir die kerkbegrip en ordening in die vestiging van 'n Nederlandse kerk aan die Kaap.

In hierdie gesprek word 'n geheeloorsig van die Kerkorde gegee en die eenvoud van die basiese beginsels vir die ordening van ons kerklike lewe aangetoon. Studente word versoek om in 'n kort waardering (1 A4 getik) die kerklike ordening van die opleidingsgemeente waarby hul inskakel met die beginsels van die Dordtse Kerkorde te vergelyk.



Voorgeskrewe werk

Dordtse Leerreëls en Kerkorde
Jonker, WD. 1994.
Bevrydende waarheid. pp 123-151



Assessering

Bywoning en formatief
(werksopdragte)
Kort verslag en
aanbiedingsmateriaal



TS 302 EMMAUS BYBELLEESPROGRAM

Aanbieder | Steunspan Studentebegleiding

Tyd | 12:00 - 13:00

Elke Woensdag in 1e tot 4e semester deurlopend

Daaglikse persoonlike leesrooster uit seleksie van Bybelboeke, refleksie en skryf daaroor.

Weeklikse kring vir gesprek tussen klasmaats, deel en gebed.

Elke student ontvang 'n Emmaus Werksboekie waarin hy/sy aantekeninge kan maak.



Assessering

Bywoning en formatief
Kort verslag

TS 402 STILRETREAT (3DE EN 4DE JAARS)



Aanbieder | Ds Jan Lubbe

Tyd | Vrydag 13:00 tot Saterdag 15:00

Plek | Menuha

Datum: 15 - 16 Maart

'n Wegbreek van stilte in 'n pragtige omgewing met gerieflike fasiliteite, waartydens studente geleentheid kry om deur *Lectio Divina* (lees, oordink, gebed, lewenstoepassing) die geestelike dissipline van stilte te ontdek en in te oefen.

Dit gebeur weereens in 'n atmosfeer van ontmoeting met mekaar, ontspanning en rus, gesonde kos, dankbaarheid en nederigheid, terwyl alles in die stilte van God se teenwoordigheid opgeneem word. 'n Gepaste Skrifteks word vir die hele naweek se ontmoeting gekies, maar nou met minder insette en veel meer tyd vir afsondering, stilte en bepeinsing.

Deur die aanleer en inoefening van liedere uit die Liedboek waarin dit gaan oor God se sorg en die mens se verlange daarna, word terselfdertyd ons aanbidding verdiep. Studente word ook blootgestel aan kunswerke wat ons aanbidding en nadenke kan verryk. Aan die einde, weer die gebruiklike nagmaalsviering.

Hierdie Dag van Stilte word vir vierdejaars aangebied.



Assessering

Bywoning

Kort roepingsjoernaal (oor ervaring van stilte)

TS 302 PERSOONLIKE SPIRITUALITEIT



Aanbieder | Ds Cobus Hamman

Tyd | 11:10 - 12:00

Waar | HMS 33

Datums: 21 Februarie | 28 Februarie

Kennis van verskillende spiritualiteitstipes word verken. Daar word ook op 'n dieper vlak met die groep gewerk rakende hulle eie (persoonlike) spiritualiteit. Voortdurende verdieping in spiritualiteit word 'n lewenswyse.

Die bekendstelling aan verskillende dissiplines rakende spiritualiteit word bespreek en verken en 'n ritme daarrondom gevestig.

Leesstof soos nodig.



Assessering

Bywoning

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal



TS 303 PERSOONLIKE GEDRAGSVORMING

Aanbieder | Ds Gerhard Meyer

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 33

Datum: 27 Maart

In die gesprek wat 'n kort evaluering insluit, word studente gehelp om hul eie verhoudingsvaardighede te verken en te ontwikkel met die oog op die verskillende verhoudings waarin hulle hul mag bevind.

Studente word versoek om in opvolging van hierdie werkswinkel, vir ten minste één individuele opvolgesprek by die betrokke sielkundige aan te meld – dit sluit ook aan by persoonlike gesprekke in die vorige twee jare.

Leesstof soos nodig.



Assessering

Bywoning en formatief (kort verslag en terugvoer)

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal



TS 303 SKRYFVAARDIGHDE (SOSIALE MEDIA)

Aanbieder | Sal aangekondig word

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 33

Datums: 25 September | 2 Oktober

Studente word begelei om die impak wat die sosiale media op hulle as individue, maar ook as teologiese studente, en later predikante het, te begryp. Hulle word verder begelei om die waarde van positiewe interaksie deur middel van sosiale media te verreken en te verstaan, en ook te gebruik.



Assessering

Bywoning en formatief (kort verslag en terugvoer)



TS 303 VERHOUDINGSVAARDIGHDE

Aanbieder | Dr Johan Nel

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 33

Datums: 20 Maart | 3 April

Die mens is 'n verhoudingswese en staan in verhoudings. In die gesprekke word studente bewus gemaak van die dinamiek van verhoudings. Alle vorme waarin mense kan staan kom aan die orde. Sake soos selfgelding, selffrespek, maar ook respek vir ander word aangeraak. Romantiese verhoudings word ook ingevleg.

Leesstof soos nodig.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal

TS 303 EMOSIONELE INTELLIGENSIE



Aanbieder | Dr Johan Nel

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 33

Datum: 10 Julie

In die gesprekke, wat 'n evaluering insluit, word studente gehelp om hul eie emosionele intelligensie te verken en te ontwikkel aan die hand van verskillende benaderings. Studente word versoek om in opvolg van hierdie werkswinkel, vir ten minste één individuele opvolgesprek by die betrokke sielkundige aan te meld – dit sluit ook aan by die gesprekke uit die vorige jare.

Leesstof soos nodig.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag

TS 303 SKRYFVAARDIGHED (SKRYF VAN OORDENKINGS VIR GEMEENTEBLAD)




Aanbieder | Ds Janke Hurter

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 33

Datum: 11 September



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag

TS 304 KERKLIKE BEDIENINGSPRAKTYK: UITREIK (OOR 'N 4 JAAR SIKLUS)



Aanbieder | Vennote in Getuienis – Dr Enrico Casaleggio

Bestemming | Natal

Lokaal | HMS 33

Datum: Eerste semester langnaweek - April of Mei 2024



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal



TS 304 GEMEENTEPRAKTYK

Aanbieder | Steunspan Studentebegeleiding / Mentors in die opleidingsgemeentes

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datum: 4 September

By die geleentheid word derdejaarstudente herinner aan hul waarnemings die afgelope twee jaar van die lewe en bediening in hul opleidingsgemeente (waar hul as lidmate ingeskakel is). Met die oog op hul derdejaar word studente versoek om betyds reëlings te tref met hul mentor/begeleierpredikant, sodat hulle vanjaar kategese kan gee in hul gemeente (enige jaargroep, junior óf senior kinders) en betrokke kan wees by 'n eredienswerksgroep in die gemeente en/of elemente van aanbieding in 'n erediens (voorafsang, voorlesings, gebed).

Dit sou ook goed kon wees indien 'n student vanjaar as diaken in die gemeente kan werk om blootstelling te kry aan die insameling en bestuur van dankoffers en kollektes in die erediens, asook die voorbereiding en bediening van die Nagmaal.

Soos vorige jare, word basiese leidende vrae gestel, byvoorbeeld wat die organisasie, aard en inhoud van kategese in die gemeente behels en hoe 'n gewone erediens in die gemeente voorberei en aangebied word.

Weereens gaan die gesprekke met 'n mentor/begeleierpredikant voort, oor die tersaaklike gemeentewerk vanjaar, maar óók oor die algemene welstand van die student en sy/haar vordering met hul studies en belewenis van kerklike opleidingsprogramme.

Die inskakeling van studente by 'n opleidingsgemeente, die opbou van 'n gesonde mentorsverhouding en betrokkenheid by gemeentelike projekte word deur die Seminarium Bestuurder gemonitor. Dit is die student se verantwoordelikheid om in geval van verandering van gemeente en mentor, die Seminarium Bestuurder en Steunspan Studentebegeleiding onverwyld daarvan in kennis te stel.



Assessering

Inskakeling en deelname aan jeugprogramme & gemeente-uitreike

Gereelde afsprake met mentor

Skriftelike verslag van mentor op voorgeskrewe vorm (September)

Skriftelike verslag van student (Oktober)



TS 304 AKTUELLE KERKGESPREK

Aanbieder | Sal aangekondig word

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 10

Datums: 17 April | 18 September

**Aanbieder** | Dr Johan Nel**Tyd** | 11:10 - 12:00**Lokaal** | HMS 33**Datums: 9 Oktober | 16 Oktober**

In die gesprekke word die studente op 'n heel basiese wyse bekendgestel aan die vakgebied van Himnologie as wetenskap van kerkmusiek.

Die Christelike erediens is 'n korporatiewe (*corpus-liggaam*) gebeure. 'n Historiese oorsig oor die funksionering van musiek in die vroeë Christelike (laat antieke) kerk, met inbegrip van die E4 tot E16 word gebied.

Die liturgiese vernuwing van die Reformasie word bespreek, sowel as die tydperk vanaf E17 tot E20.

Die wêreldwye liturgiese beweging kry ook aandag. Die Liedboek van die Kerk, met spesifieke verwysing na die liturgiese funksie van musiek en sang in die erediens, word onder die loep geneem.

Spesifieke aandag word aan liedere uit die Bybel geskenk, met klem op die verskillende rubriek in die Liedboek.


Aandag word ook geskenk aan Kerksang in die praktyk

**Voorgeskrewe werk**

Die Liedboek van die Kerk
Klasaantekeninge en addisionele
materiaal word voorsien

**Assessering**

Bywoning en formatief
Kort verslag en
aanbiedingsmateriaal



TS 401 FAMILIEVERHAAL VAN DIE NG KERK DEUR DIE 20STE EEU

Aanbieder | Ds Jan Lubbe

Tyd | 15:00 -16:00

Lokaal | FGG 166

Datums: 21 Februarie | 28 Februarie | 6 Maart | 13 Maart | 20 Maart | 27 Maart

In die vorige drie jaar het studente 'n bewussyn van en liefde vir die verhaal van die NG Kerk-familie ontwikkel, wat ook in verband gestaan het met die gemeentelike verhale waardeur hul gevorm is en hul persoonlike roepingsverhaal. Die vierdejaars kry vanjaar 'n oorsig van die afgelope eeu in hierdie familieverhaal, dit wil sê vanaf die na-oorlogse jare (1902-1910) tot in hul eietyd (oorgang na die 21ste eeu).

Die volgende temas kan hanteer word:

- NG Kerk en sending in 'n veelvolkige samelewing (19e eeu, spesifiek 1857-1881)
- Die formulering van 'n "sendingbeleid" (1910-1935)
- Apartheid as kerklike beleid (1944-1976)
- Van kerkstryd tot skuldbelydenis (1960-1998)
- 20ste eeu: Gemeentegroei in die NG Kerk-familie – 'n verhaal van vele seisoene
- 20ste eeu: Die soeke na en sin in een verband vir die NG Kerk-familie
- 20ste eeu: Diversiteit in Skrifbeskouing(e) binne die NG Kerk-familie
- 20ste eeu: Ontwikkeling van erediens en aanbidding in die NG Kerk-familie
- 20ste eeu: Brood en Woord – die NG Kerk-familie se dienswerk deur 'n eeu

Benewens die oorvertel/ontdekking van die verhaal van die "familie" van NG Kerke deur die loop van die 20ste eeu en al die kompleksiteite daarvan, is die fokus van hierdie gesprekke om by vierdejaarsstudente 'n begrip en liefde vir die bediening in/deur ons kerklike tradisie te stimuleer.

Die aanbieder ontwikkel 'n werkswyse om studente betrokke te hou by die verloop van die verhaal, deur primêre bronne bekend te stel, addisionele leeswerk te gee en 'n oorsigtelike werksopdrag (3 A4-bladsye, getik) wat aan die einde van die module deur die student ingelewer word, rondom 'n tema wat die student help aan eie navorsing, integrasie van die familieverhaal met sy/haar persoonlike roepingsverhaal, die benutting van kreatiewe skryfvaardighede en 'n selfverstaan van sy/haar plek in die bediening van die NG Kerk-familie.



Voorgeskrewe werk

Hofmeyr, JW (et al). 1991. *History of the Church in South Africa. A document & source book (captia selecta)*
Du Toit, Hofmeyr, Strauss en Van der Merwe. 2002. *Moeisame pad na vernuwing...*



Assessering

Bywoning en formatief (werksopdrag oor NGK-familieverhaal)
Kort verslag en aanbiedingsmateriaal

TS 401 BELYDENIS VAN BELHAR



Aanbieder | Dr Gideon van der Watt

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | Sal aangekondig word

Datums: 10 Julie | 17 Julie | 24 Julie | 31 Julie

In die gesprekke word studente ingelei in die agtergrond, aard, inhoud, Skrifvertolking en bedieningsgebruik van die Belydenis van Belhar. Dit is 'n oorsig wat teruggaan na die Barmen Verklaring in Nazi-Duitsland (1934) en wat ook ander Suid-Afrikaanse skrifte soos die Kairos Dokument, Kerk en Samelewing en Geloof en Protes insluit.

Wat die inhoud van die Belydenis van Belhar betref, word daar gefokus op die drie hooftemas, te wete eenheid, versoening en geregtigheid.

Die bedoeling hiervan is om vierdejaarstudente bloot te stel aan en te laat verdiep in die wesenslike vrae wat in die Suid-Afrikaanse kerklike konteks leef en dit teen die agtergrond van wat hulle in die ander identiteitsmodule (TS 401 NGK 20ste eeu) geleer het.

Die studente word versoek om 'n kort opstel (2 A4) te skryf oor die tema: "My identiteit en roeping in die NG Kerk-familie".

Voorgeskrewe werk

Die Belydenis van Belhar

The Barmen Declaration

The Kairos Document

Kerk en Samelewing

Geloof en Protes

Smit, DJ. "Oor die ontstaan, inhoud, resepsie en relevansie van die Belydenis van Belhar", in Versamelde Opstelle.

2013: 129-156



Assessering

Bywoning en formatief
(werksopdrag oor NGK-familieverhaal)
Kort verslag en
aanbiedingsmateriaal

TS 402 EMMAUS BYBELLEESPROGRAM



Aanbieder | Steunspan Studentebegleiding

Tyd | 12:00 - 13:00

Elke Woensdag in 1e tot 4e semester deurlopend

Daaglikse persoonlike leesrooster uit seleksie van Bybelboeke, refleksie en skryf daaroor.
Weeklikse kring vir gesprek tussen klasmaats, deel en gebed.

Elke student ontvang 'n Emmaus Werksboekie waarin hy/sy aantekeninge kan maak.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag



TS 402 STILRETREAT (3DE EN 4DE JAARS)

Aanbieder | Ds Jan Lubbe

Tyd | Vrydag 13:00 tot Saterdag 15:00

Plek | Menuha

Datum: 15 - 16 Maart

'n Wegbreek van stilte in 'n pragtige omgewing met gerieflike fasiliteite, waartydens studente geleentheid kry om deur *Lectio Divina* (lees, oordink, gebed, lewenstoepassing) die geestelike dissipline van stilte te ontdek en in te oefen. Dit gebeur weereens in 'n atmosfeer van ontmoeting met mekaar, ontspanning en rus, gesonde kos, dankbaarheid en nederigheid, terwyl alles in die stilte van God se teenwoordigheid opgeneem word.

'n Gepaste Skrifteks word vir die hele naweek se ontmoeting gekies, maar nou met minder insette en veel meer tyd vir afsondeling, stilte en bepeinsing. Deur die aanleer en inoefening van liedere uit die Liedboek waarin dit gaan oor God se sorg en die mens se verlange daarna, word terselfdertyd ons aanbidding verdiep.

Studente word ook blootgestel aan kunswerke wat ons aanbidding en nadenke kan verryk. Aan die einde, weer die gebruiklike nagmaalsviering.

Hierdie Dag van Stilte word vir vierdejaars aangebied.



Assessering

Bywoning

Kort roepingsjoernaal (oor ervaring van stilte)



TS 402 PERSOONLIKE SPIRITUALITEIT

Aanbieder | Ds Cobus Hamman

Tyd | 11:10 - 12:00

Waar | FGG 166

Datums: 7 Augustus | 14 Augustus

Kennis van verskillende spiritualiteitstipes word verken. Daar word ook op 'n dieper vlak met die groep gewerk rakende hulle eie (persoonlike) spiritualiteit. Voortdurende verdieping in spiritualiteit word 'n lewenswyse. Die bekendstelling aan verskillende dissiplines rakende spiritualiteit word bespreek en verken en 'n ritme daarroundom gevestig.

Leesstof soos nodig.



Assessering

Bywoning

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal

TS 403 KONFLIKHANTERINGSVAARDIGHED



Aanbieder | Dr Johan Nel

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | FGG 166

Datums: 8 Mei | 15 Mei

In die gesprekke word die vorige jaar se inleiding oor trauma en heling verder geneem sodat daar 'n veilige ruimte ontstaan vir diepgaande terapie oor verlies, rou en transformasie. Die bedoeling is nie net om kennis oor te dra nie, maar om, waar nodig, studente in 'n terapeutiese sin te help.

Hulle word daarom ook uitgenooi om in opvolg van hierdie werkswinkel, vir ten minste één individuele gesprek met 'n sielkundige te gaan – dit sluit aan by persoonlike gesprekke in die drie jare.

Leesstof soos nodig.



Assessering

Bywoning en formatief
(kort verslag en terugvoer)



Assessering

Teenwoordigheid en kort roepingsjoernaal (oor eie leierskapsrol/styl)
Kort verslag en aanbiedingsmateriaal

TS 403 KOLLEGIATSKAP



Aanbieder | Ds Chris de Vries

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | FGG 166

Datum: 3 April

Predikante werk dikwels nou met mekaar saam. Soms as mede-leraars en ander kere as kollegas in 'n Ring. Die gesprek handel oor die fenomeen van gesonde kollegiaat, binne 'n volwasse verhouding. Deur gesprek en praktiese inoefening word studente blootgestel aan verskillende potensiële situasies waarin hulle hulself in die toekoms mag bevind.



Assessering

Bywoning en formatief
Kort verslag en aanbiedingsmateriaal

TS 403 VERHOUDINGSVAARDIGHED




Aanbieder | Dr Johan Nel

Tyd | 11:10 - 12:00

Waar | FGG 166

Datums: 24 April | 22 Mei

Die mens is 'n verhoudingswese, en funksioneer binne verhoudings. Daar is verskillende verhoudings, byvoorbeeld werksverhoudings, vriendskapsverhoudings, en intieme verhoudings. Binne gemeentes is verhoudings dikwels van deurslaggewende belang vir die predikant. Teoretiese agtergrond, met gepaardgaande besprekings, maak studente sensitief hiervoor, maar rus hulle ook toe.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal



TS 403 SKRYFVAARDIGHED (SKRYF VAN OORDENKINGS VIR GEMEENTEBLAD)


Aanbieder | Ds Janke Hurter

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | HMS 33

Datum: 11 September

Om taalvaardig te wees, is 'n noodsaaklike deel van 'n predikant se mondering. Taalbedrevenheid word op verskillende vlakke van hom/haar verwag. Kommunikasie in verskeie hoedanighede is nodig. Benewens die skryf van 'n preekmanuskrip, word van die predikant verwag om keurig en stylvol te korrespondeer, en soms word van hom/haar verwag om 'n oordenking vir byvoorbeeld 'n gemeenteblad te skryf. Studente word begelei om 'n theologies goed begronde, verstaanbare en keurige oordenkings vir byvoorbeeld die opname in 'n gemeenteblad, te skryf.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag



TS 403 VERBALE KOMMUNIKASIE


Aanbieder | Dr Francois Smith

Tyd | 11:10 - 12:00

Lokaal | FGG 166

Datums: 25 September | 2 Oktober

Studente word deur 'n kundige begelei en om die kuns van effektiewe verbale kommunikasie te bemeester. Omdat predikante voortdurend in die openbaar optree, is dit nodig om hulle te toe te rus rakende die teorie van effektiewe kommunikasie. Hulle moet ook bewus gemaak word van die rol van hulle eie persoonlikheid speel in die geloofwaardige oordrag van 'n boodskap, maar ook bewus wees van hinderlike maniërismes en ander potensiële blokkasies in die oordra van 'n andersins kragtige en treffende boodskap.



Assessering

Bywoning en formatief

Kort verslag en aanbiedingsmateriaal

**Aanbieder** | Vennote in Getuienis – Dr Nico Mostert & Ds Gerhard Meyer**Bestemming** | Zambië**Datum:** 25 November – 8 Desember

As deel van die vorming, met die doel om onder ander aan ander werklikhede en kontekste blootgestel te word, neem studente deel aan uitreike vir spesifieke jaargroepe. In die vierdejaar vind die uitreik na Zambië plaas.

**Assessering**

Bywoning en formatief

Kort verslag

TS 404 GEMEENTEPRAKTYK**Aanbieder** | Steunspan Studentebegleiding / Mentors in die opleidingsgemeentes**Tyd** | 11:10 - 12:00**Lokaal** | HMS 10**Datum:** 4 September

